# 2017

# BYBELSKOOL

# VAN DIE

# NG GEMEENTE

# MONUMENTPARK - WES

**Die Geloofwaardigheid van die Nuwe Testament se verhale oor Jesus**




**Inleiding**

**Aanklag 1 Die Evangelies kan nie vertrou word nie.**

*Geagte Jurie*

*Die mens is in sy wese `n skeptiese skepsel. Ook oor die bestaan van God. Natuurlik stem antropoloë saam dat alle volkere `n godsbegrip het, maar die bestaan van `n Drie-enige Almagtige God word al meer met wantroue begroet.*

*Hoe kan daar `n liefdevolle, lewende God wees as Hy mense wat nie in Hom glo nie, na `n ewige vuurpoel toe stuur? Hoe kan wonderwerke verstaan word in `n tyd waarin die wetenskap byna alle basiese wette van die natuur volledig beskryf het?*

*Jesus self het nooit verklaar dat Hy God is nie. Ja, die mens erken dat daar `n historiese figuur met die naam van Jesus van Nasaret was. Hy was `n wyse man, `n Rewolusionêr.*

*Die Jesus Seminar is `n self uitgesoekte minderheid van Nuwe Testamentici wat hulle ten doel stel om die historiese Jesus te identifiseer en die dele in die Evangelies van wat Jesus, volgens hulle, werklik gesê of gedoen het, uit te wys.*

*Hulle stem by wyse van `n gewone meerderheid of `n spesifieke uitspraak van Jesus wel deur Hom gemaak is. `n Rooi merkie sê hulle is doodseker dat dit wel `n ware Jesus uitspraak is. Pink sê dat hy dit moontlik kon gesê het; `n grys merkie dat Hy dit nie gesê het nie, maar dat dit ooreenstem met Jesus se denke en `n swart merkie wat aandui dat die uitspraak beslis nie van Jesus af gekom het nie.*

*Hulle konklusie was dat 82% van wat die Evangelies van Jesus sê, nie deur Hom gesê is nie! Die grootste deel van die oorblywende 18% is vir hulle vol onsekerheid of Jesus dit wel gesê het. Net 2% van alles word as eg beskou! Net die woorde "Ons Vader" in die hele Onse Vader gebed word as eg beskou!*

*Die Jesus Seminar het ook `n boek, The Five Gospels gepubliseer waarin hulle die Evangelie van Thomas as gelyk met die ander vier evangelies beskou.*

*Hulle wil die wêreld "bevry"van fundamentalisme en mense vry maak van die naïewe geloof dat die Bybelse Jesus die Ware Jesus is.*

*Ons gaan tydens ons studie aan onder andere hierdie groep aandag gee.*

*Ek gaan ook vir u, en die wêreld daar buite, die geleentheid bied om eens en vir altyd self te besluit of wat die Bybel aangaande die mens Jesus leer, waarheid is. Ek gaan die feite vir u aanbied op gesigwaarde. Ek glo u weet waar ek staan met betrekking tot hierdie dinge. Maar u moet self besluit.*

*Die vier aanklagte teen die Kerk is:*

**Eerste aanklag:**Die Evangelies kan nie vertrou word nie.

**Tweede aanklag:** Nuwe Testament se verhale word nie deur Buite Bybelse, Argeologiese en Historiese verwysings bevestig nie.

**Derde aanklag:** Jesus se aanspraak dat Hy die Seun van God is en dat Hy en Hy alleen die Messias is, is vals.

**Vierdie aanklag:** Die opstanding: Daar is geen Mediese getuienis om die Opstanding te ondersteun nie.

**Bewysstuk A Ooggetuie verslae.**

Ooggetuie verslae is van die kragtigste getuienis wat daar is. Veral as dit eerlik en sonder drama, bloot feitelik aangebied word. Wanneer die ooggetuie homself vir kruisondervraging beskikbaar stel.

Kan ons vandag, meer as 2000 jaar na die gebeure, glo dat die ooggetuie verslae wat ons wel het van die Man, Jesus se aardse wandelinge; dat hulle deur werklike ooggetuies geskryf is?

Ons weet dat daar in die kerkgeskiedenis nooit enige twyfel was dat Evangelies van Matteus, Lukas en Markus deur die volgende mense geskryf is nie:

**Matteus** – deur Matteus of Levi, een van Jesus se 12 amptelike volgelinge.

**Markus** – die oudste van al die Evangelies deur Johannes Markus, `n metgesel van Petrus en

**Lukas** - `n man deur Paulus beskryf as ons "geliefde geneesheer" wat ook die 2de deel van sy boek  oor die Kerk geskryf het en wat by ons bekend staan as Handelinge.

Dat hierdie drie mense die eerste drie Evangelies geskryf het, was net nooit in dispuut in die Kerk nie.

Die rede? Doodeenvoudig omdat hierdie drie mense die mees onwaarskynlikste mense is wie se name gebruik sou word as iemand anders dit sou geskrywe het. Hulle sou immers eerder een van die 12 se naam gebruik het. Nie Markus of Lukas was een van die 12 nie. Matteus was wel, maar onthou dat hy `n gehate tollenaar was. Iemand wie se integriteit maklik in twyfel getrek sou kon word.

Kom ons vergelyk dit met die sg. Apokriewe Evangelies soos die van Petrus, Maria, Jakobus en Filippus. Almal mense na aan Jesus. Mense wat wie se woord sonder meer aanvaar sou kon word. Waarom sou die Kerk dan destyds drie Evangelies gekies het as gesaghebbend as dit deur onwaarskynlike kandidate geskryf is?

Geagte Jurie – want hulle is regtig deur hierdie mense geskryf!

En Johannes?

Hier is daar inderdaad `n probleem. Ja, die skrywer van die Evangelie se naam was Johannes  - daarvan kan ons seker wees. Maar of dit wel die Apostel Johannes was, is `n ope vraag.

In die vroeë Kerk word daar van 2 Johannes figure gepraat. Die Apostel Johannes en Johannes wat ook Die Oudste genoem is. Ons weet nie of daar van dieselfde persoon gepraat word, of van twee verskillende persone nie.

Tog is geleerdes, self die skeptiese geleerdes heel seker dat die Evangelie van Johannes geskryf is deur die Apostel Johannes, een van Jesus se binnekring.

In elk geval is al vier Evangelies gebaseer op ooggetuie verslae.

Reeds in 125 nC – 105 jaar na Jesus se kruisdood, skryf ene Papias dat Markus die gebeure van destyds noukeurig en akkuraat neergepen het. In sy verslag skryf Papias dat Markus geen valshede geskryf het nie en ook geen foute gemaak het nie. Hy skryf ook dat Matteus `n ooggetuie verslag geskryf het.

Ook Irenaeus skryf in 180 nC dat Matteus `n ooggetuie verslag in sy moedertaal geskryf het terwyl Paulus en Petrus die Kerk in die Romeinse Ryk gevestig het.

Hy skryf ook dat Markus, `n volgeling van Petrus, `n ooggetuie verslag geskryf het na Petrus se vertrek uit Palistina. Hy meld ook dat Lukas, `n vriend van Paulus, `n ooggetuie verslag geskryf het na vele navorsing en die ondervraging van vele ooggetuies. Irenaeus sluit af deur te meld dat die Apostel Johannes `n ooggetuie verslag opgestel het terwyl hy in Efese gewoon het.

Geagte Jurie, u sal dus insien dat die vier Evangelies wat ons in die Bybel het, ooggetuieverslae is of ten minste indirekte ooggetuie verslae soos in die geval van Lukas.

Die vraag bly egter staan. Waarom vertel Markus niks van Jesus se geboorte nie? Die antwoord is beide literêr en teologies. In die ou Nabye Ooste was dit literêre gebruik om net `n persoon se dade wat van waarde is, te beskryf. Markus het bloot net vertel dit wat hy as belangrik geag het. Teologies is daar `n belangriker rede. Markus het geweet dat die Evangelie omtrent Jesus sal staan en val by die opstanding uit die dood. Daarom lê hy klem op daardie gebeure in sy Evangelie.

Ons weet vandag uit noukeurige navorsing dat Markus se Evangelie eerste geskryf is. Matteus en Lukas het inderdaad van Markus se werk gebruik gemaak toe hulle met hulle eie Evangelie aan die werk was. Tog het hulle ook feite wat nie in Markus voorkom nie. Waarom kom dit vandaan?

Ons weet vandag dat daar `n moontlike vyfde Evangelie in omloop was vroeg na Jesus se hemelvaart. Geleerdes noem dit nie sg. Q bron. Die Q bron was `n versameling van dinge wat Jesus gesê het. Dit het geen biografiese inligting nie. Ons het dit nie in sy geheel nie, maar dit kan gerekonstrueer word deur van die Sinoptiese Evangelies, soos wat Matteus, Markus en Lukas as bundel bekend staan, gebruik te maak. (Sinopsis beteken om “saam” te lees) Ons moet dus die eerste drie Evangelies saam laat praat wanneer ons dit lees.

Indien jy Q dan so rekonstrueer, dan vind jy `n beeld van Jesus wat glad nie verskil van die beeld wat die drie Evangelies van Jesus skilder nie. Q bevestig die Sinoptiese Evangelies se denke oor Jesus. Dit is veral Jesus se wonderwerke wat in alles voorop staan.

Waarom sou Matteus, een van die 12, `n “buitestaander” soos Markus se skrywe gebruik om sy eie skrywe aan te vul? Hy was immers `n direkte ooggetuie van dit wat gebeur het.

Bloot omdat Markus `n leerling van Petrus, een van die binnekring was. Hy het inligting gehad wat self Matteus nie sou hê nie.

Die Evangelie van Johannes bly egter nog `n probleem. Hy verskil totaal en al van die ander drie. Johannes se taal is meer verhewe. Hy berig oor lang preke van Jesus

en van ander wonderwerke. Hy sien Jesus as Een met die Vader en die Heilige Gees. (Johannes 1)

Geagte Jurie. Die mees direkte beskuldiging wat teen die Evangelie van Johannes ingebring word, is dat hy later as die ander drie skryf en dus reeds begin het om die inligting tot sy beskikking te interpreteer. Dus, menslike denke by te voeg by die oorspronklike gebeure. Hy maak byvoorbeeld `n saak uit dat Jesus God is.

Is dit nie menslike interpretasie van die gebeure nie?

Nie as jy nie Evangelies in die oorspronklike tale lees nie. Vergelyk Matteus en Markus se berig oor Jesus wat op die water loop. Ons vertaal Jesus se woorde waar Hy vir Petrus – hulle gerus stel as ‘Moenie bang wees nie. Dit is Ek” Eintlik staan daar “Moenie bang wees nie. Ek is”. “Ek is”. Volgens Eksodus 3 vers 14 die Naam van God!

Die Sinoptiese Evangelies sien Jesus dus ook as een met God!

Daar is nog `n voorbeeld. Die term “Seun van die Mens”. Dit is die term waarmee Jesus homself in die Sinoptiese Evangelies identifiseer. In Daniël 7 verse 13 & 14 is die Seun van die Mens `n Goddelike wese!

Johannes se teologie dat Jesus wel God is, is dus treffend teenwoordig, ook in die Sinoptiese Evangelies.

Elkeen van die vier Evangelies het sy eie teologiese denkraamwerk.

Matteus probeer die verwantskap of verhouding tussen Christenskap en die Judaïsme verstaan.

Markus teken Jesus as die lydende Kneg van die Here.

Lukas vertel van Jesus se liefde vir armes en ander randfigure in die samelewing.

Net so het Johannes dit ten doel om Jesus se Godheid te beklemtoon.

Hulle teologiese denkraamwerk beïnvloed hulle historiese akkuraatheid geen enkele oomblik nie. Boonop was dit die manier hoe enige geskiedskrywing in daardie tyd gedoen is. Nooit net feite nie, maar altyd om een of ander doel te bereik. `n Punt te kan maak.

Geagte Jurie

Ek dink ons is oortuig van die feit dat die vier evangelies deur direkte en indirekte ooggetuies geskryf is. Daar was egter `n tydsverloop tussen die werklike gebeure en die neerskryf daarvan. Het die tyd wat verloop het, nie die denke van die skrywers sodanig beïnvloed dat hulle `n distorte beeld van Jesus neergeskryf het en Lukas in die laat 80’s nC en Johannes s’n die 90’s nC.

Dit mag dalk waar wees, maar u moet besef dat dit nog steeds binne `n aanvaarbare lewensloop wees vir die ooggetuies. Hulle het moontlik nog almal geleef teen 90 nC. Hulle moes toe bejaard gewees het, maar heel instaat om te onthou!

Vergelyk hiermee die eerste biografieë van Alexander die Grote wat eers 400 jaar na sy dood verskyn het, en wat tog vandag as gesaghebbend aanvaar word.

Boonop is daar baie definitiewe bewyse dat die Evangelies baie vroeër geskryf is as wat liberale geleerdes beweer.

Kom ons begin by die Boek Handelinge. Handelinge eindig baie stomp, en dit eindig sonder enige berig van Paulus se teregstelling. Om die waarheid te sê, vermoed geleerdes dat Paulus na die afsluiting van Handelinge, vrygelaat is, na Spanje gereis het en eers daarna weer gevang is en in Rome tereggestel is. Ons weet Paulus is in 62 nC in Rome tereggestel. Handelinge moes dus voor 62 nC geskryf gewees het! Dan moes die Evangelie van Lukas nog vroeër geskryf gewees het. En omdat Lukas van Markus gebruik gemaak het, moes Markus nog vroeër ontstaan het!

Nou praat ons van ooggetuie verslae wat minder as 30 jaar na die gebeure op skrif was.

Geagte Jurie

In vergelyking met die nuus oor Alexander die Grote klink 30 jaar soos `n sekonde in tyd!

Nou weet ons ook dat Paulus se briewe waarskynlik geskryf is voor enige Evangelie geskryf is. Die Nuwe testament se Boeke is nie chronologies gerangskik nie. Ons weet dat Paulus in sy Briewe heelwat ou geloofsbelydenisse van die vroeë kerk gebruik. (Vgl. Filippense 2 verse 6 tot 11 en Kolossense 1 verse 15 tot 20.)

Ook 1 Korintiërs 15: 3 tot 7:

*Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte; en dat Hy aan Céfas verskyn het; daarna aan die twaalf. Daarna het Hy verskyn aan oor die vyf honderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het. Daarna het Hy verskyn aan Jakobus; daarna aan al die apostels;*

As die kruisiging in 30 nC was dan was Paulus se bekering ongeveer 32 nC. Hy moes dan die apostels in Jerusalem ontmoet het ongeveer 35 nC. Hier het ons `n gedetailleerde berig van wie ooggetuies was dat Jesus uit die dood opgestaan het – en dit dateer binne 5 jaar na die gebeure!

En die opstanding is die een saak wat deur die wêreld so graag in twyfel getrek wil word.

Nou gaan ons die ooggetuie verslae met `n vergrootglas ondersoek. Sal hulle geloofwaardigheid die opinie van hierdie jurie kan oortuig? Ons sal sien.

**Bewysstuk B Die getuienis van Sherlock Holmes**

Sherlock Holmes het op noukeurige wyse elke leidraad opgevolg om die misdaad wat gepleeg is, op te los. Kom ons gebruik sy vergrootglas om die vier Evangelies deur te soek vir foute.

**1. Die Intensie toets.**

Was dit die intensie van die evangeliste om die ware historiese gebeure noukeurig vir ons deur te gee?

Die antwoord? Ja. Hulle wou. Kom ons lees Lukas 1:

*Aangesien baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is, soos hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was, dit aan ons oorgelewer het, het ek ook dit goedgedink, hooggeagte Theófilus, nadat ek van voor af alles noukeurig ondersoek het, om dit in volgorde aan u te skrywe, sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is.*(Lukas 1 verse 1 – 3)

Omdat die genre waarin Matteus en Markus geskryf is, dieselfde is as die van Lukas, kan ons aanvaar dat hulle dieselfde intensie gehad het as Lukas.

Johannes beskryf sy intensie eerder in teologiese terme:

*Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.*(Joh. 20:31)

Tog sê ons geleerde vriende van die Jesus Seminar dat Jesus se eerste volgelinge verwag het dat Jesus nog in hulle eie leeftyd terug sou keer. Daarom sou akkurate geskiedskrywing onnodig gewees het.

Ons antwoord? Die Jesus Seminar lees Jesus se eie onderwysings verkeerd. As jy die getuienis van die vier Evangelies neem dan sien jy dat Jesus self `n lang tyd voorsien het tussen sy hemelvaart en sy wederkoms.

Ons moet ook onthou dat die Christendom uit die Judaïsme voortgekom het. En in die Judaïsme is dit wyd bekend dat hulle vir 800 jaar en langer kon vashou aan die woorde van die Profete oor die koms van die Messias. Die wederkoms van Jesus was met ander woorde `n analogie op die Joodse Messiasverwagting, wat nie aan tyd gekoppel is nie.

Die vroeë Kerk kon maklik die Evangelies verander het om antwoorde te verskaf op tergende vrae binne die gemeentes, soos wat van afgodvleis en van die besnydenis. Hulle het egter nie. Dit wat Jesus gesê het was histories korrek soos weergegee in die Evangelies.

**2. Die vermoë toets**

Hoe weet ons dat die verhale rondom Jesus is korrek weergegee, selfs na net 30 jaar? Het die skrywers die vermoë gehad om te keer dat `n foutiewe geheue, wensdenkery en legendes die Jesusverhaal kontamineer?

Ons moet die dag en tyd in gedagte hou toe die Evangeliste geskryf het. Boeke is daardie tyd was skaars en duur. Alle onderwysing, oordrag van kennis en versameling van kennis was hoofsaaklik mondelings. Ons weet van rabbi’s in daardie tyd wat die hele Ou Testament gememoriseer het! Dit was veral die belangrike, ononderhandelbare dele van `n verhaal wat woordeliks oorgedra is.

Ongelooflik, maar die mens se geheue is tot ongelooflike dinge instaat. Die Joodse Ou Testament is 90% in poëtiese vorm, wat memorisering makliker maak. Die geoefende brein kan baie dinge memoriseer.

Vir Jesus se dissipels kon die memorisering van wat Jesus gesê het en gedoen het, eintlik baie maklik gewees het. Memorisering was iets waaraan hulle gewoond was.

Wat ons ook weet is dat in die proses, verskillende weergawes van dieselfde verhaal in die ou Nabye Ooste, ongeveer met tussen 10% en 40% verskil het. Dit was as heel aanvaarbaar beskou. Die Evangelies verskil ook so ongeveer 20% van mekaar, alhoewel baie beslis nie op die essensiële dele nie. Die ware betekenis van Jesus se wonderdade en leringe is onaangeraak aan ons gelewer.

Mondelinge oorlewering voordat die Jesusverhale op Skrif geplaas is, was dus heel betroubaar.

**3. Die karaktertoets**

Die volgelinge van Jesus in die eerste eeu het byna `n 70% kans gehad om `n marteldood te sterf, en tog het hulle volhard om dit wat hulle aan ons oorgelewer het, getrou te gehoorsaam. Hulle integriteit en karakter staan bo verdenking.

**4. Betroubaarheidstoets**

Ons geleerde vriende van die Jesus Seminar en die Nuwe Hervorming beskuldig die Evangeliste dat hulle mekaar weerspreek,.

Ons moet egter onthou dat elke Evangelis sy Evangelie met `n spesifieke doel geskryf het. (Vgl. bladsy 4) Daarom het hulle stukke bygevoeg en weggelaat soos dit hulle doel gepas het.

In elk geval. As al vier Evangelies presies ooreengestem het met mekaar, sou hulle beskuldig kon word dat hulle saamgesweer het om hulle weergawe van die waarheid oor te vertel.

Wat ons nou het is `n blik op die lewe, woorde en werk van Jesus uit al vier windstreke.

Kom ons kyk egter na van die verskille tussen die evangelies.

In Matteus lees ons van `n Romeinse Centurion wat na Jesus kom sodat Jesus sy slaaf kan genees. In Lukas lees ons dat die Centurion verteenwoordigers na Jesus gestuur het met die versoek dat Jesus sy slaaf moet genees.

Matteus en Lukas weerspreek mekaar, skreeu die Nuwe Hervorming.

Geagte Jurie

In die Ou Nabye Ooste was dit gebruik om `n verteenwoordiger as plaasvervanger vir die een wat hom gestuur het te gebruik. Om iemand in jou plek te stuur is om self te gegaan het. Lukas en Matteus is dus reg! Geen weerspreking!

Nog `n voorbeeld:

Markus en Lukas vertel dat Jesus die duiwels in die varke ingestuur het in Gerasa. Matteus sê die plek was Gadara. Boonop is die dorpie Gerasa, nie naby die See van Galilea soos wat Markus en Lukas berig nie. Saak gesluit sê ons geleerde vriende.

Nie so gou nie!

Daar is `n dorpie opgegrawe op presies die regte plek soos wat Lukas en Markus aandui. Die plek se naam in Aramees was Khersa. Die Griekse spelling?

Gerasa! En hierdie opgegrawe dorpie, Gerasa is gevind in die ou provinsie Gadara!

Lukas en Markus gee die dorpsnaam waar die varke storie hom afgespeel het. Matteus gee die provinsie waar dit gebeur het.

`n Laaste voorbeeld: Die geslagsregisters van Matteus en Lukas verskil heelwat.

Ons moet weet, Geagte Jurie, dat Matteus Josef se geslagsregister weergee omdat Matteus, wat sy Evangelie skryf met die Jode in gedagte, wil aandui dat omdat Josef as Jesus se vader beskou is, Hy `n koninklike afkoms het. Jesus as Koning in die Dawidstradisie was vir Matteus baie belangrik.

Lukas gee die geslagsregister volgens Maria se geslagsregister omdat sy fisiek geboorte aan Jesus geskenk het en Josef geen fisiologiese rol gespeel het nie. Ook Maria kom uit die stam van Dawid!

Die twee Evangeliste wil sê dat dit nie saak maak hoe jy Jesus se geboorte en die wetlikheid daarvan wil verstaan nie; Jesus is uit die geslag van Dawid.

**5. Die vooroordeeltoets**

`n Vyfde beskuldiging wat ingebring is teen die kerk en sy woord is dat die Evangeliste sekere vooroordele gehad het wat hulle skrywes beïnvloed het. Hulle sê dat hierdie mense die Man Jesus, hartstogtelik lief gehad het en dat hulle daarom nie uit `n neutrale oogpunt hulle verslae kon lewer nie.

Toegegee, maar ons moet ook weet dat hierdie mense niks te wen gehad het in die hele proses nie. Geen finansiële gewin of enige prestige nie. Eerder vervolging en martelaarskap sou op hulle skrywes volg.

Die druk op hulle moes kwaai gewees het, en tog het hulle Jesus so lief gehad dat selfs die dood hulle nie kon keer om dit wat Jesus gedoen en gesê het, neer te skryf nie.

**6. Die Verleentheidstoets**

Die mens is geneig om dinge wat verleentheid kan bring, nie te noem nie. Het die Evangeliste dan nie maar ook die negatiewe wat daar dalk was, bloot verswyg en so `n distorte beeld van Jesus gegee nie?

Inteendeel!

Die Evangeliste gaan uit hulle pad om die verleenthede rondom Jesus te noem! Jesus, die sondelose Lam van God word gedoop. (Afwassing van sonde!). Jesus gaan sit alleen, by `n Samaritaanse vrou op die hitte van die dag en vra haar om vir Hom water te skep! Geen respektabele Joodse man sou alleen met enige vrou, laat staan nog `n Samaritaanse vrou, gepraat het nie. Wat `n verleentheid! Maar Johannes beskryf dit in Johannes 4.

**7. Die geografiese korrektheidstoets**

Die dorpe wat in die Evangelies genoem word is byna almal reeds deur argeologiese opgrawings as waar bevestig. Boonop kry ons bevestiging vir van Jesus se leerstellinge in buite Bybelse bronne soos die skrywes van Josefus.

8. Die ooggetuie toets.

Dis goed en wel om te sê al vier Evangeliste was direkte ooggetuies of minstens indirekte ooggetuies van Jesus se doen en late. Maar was daar ander ooggetuies wat hulle kon korrigeer indien hulle iets verkeerd sou gehad het?

As ons kyk na wat Jesus se opponente sê, dan weet ons dit wat die evangeliste berig, is waar. Die Joodse Raad het Jesus se volgelinge vandag een af probeer diskrediteer. Hulle sê onder andere Hy was `n towenaar wat met towerkunsies (wonderwerke) Israel mislei het. Hulle kon dus geen fout kry in die feit dat mense wel genees is, wel herstel het, wel lewend geword het nie!

Boonop sou die Kerk nooit eerste in Jerusalem wortel kon skiet as daar nie genoeg ander getuies was wat Jesus se werke gesien het nie. Onthou, Jesus is in Jerusalem verhoor en tereggestel. In Jerusalem het Hy die meeste van sy werk gedoen. As die Evangeliste Jesus se werk opgeblaas het en dinge toegevoeg het, sou die mense van Jerusalem dit geweet het, en baie beslis nie by die Kerk aangesluit het nie.

Geagte Jurie

Die Jesus Seminar en die Nuwe Hervorming kan baie sterk geleerdes in die veld stoot om Jesus en die Kerk se getuienis oor Hom in diskrediet te bring.

Maar daar is net soveel geleerdes wat tot bekering gekom het deur hulle bestudering van die einste Evangelies. Mense wie se geloof versterk is deur die getuienis van die Bybel.

Ek sluit die eerste bewysstuk af met my eie geloofsverklaring. Jesus van Nasaret is inderdaad die Weg en die Waarheid en die Lewe. In komende voorleggings sal ek hierop uitbrei.

Maar ek volstaan vandag, voor ons verdaag, by die punt dat die vyande van die Kerk en van Jesus, met dit wat ek voor u gelê het, geen been het om op te staan as hulle beweer dat die vier Evangelies se weergawes van Jesus se werke en woorde foutief is nie.

Dis alles die waarheid en niks anders as die volle waarheid nie!

Neem Griekse manuskripte saam na die klas!

**Aanklag 2. Die Nuwe Testament se verhale word nie deur Buite Bybelse, Argeologiese en Historiese verwysings bevestig nie.**

**Bewysstuk C Die leringe oor Jesus is betroubaar oorgelewer.**

Wanneer ek die Bybel in my hand hou, dan hou ek inderwaarheid afskrifte was van antieke historiese geskrifte. Die oorspronklike dokumente is eeue gelede al tot poeier verwerk deur duisende hande en oë wat dit bestudeer en gelees het. Hoe weet ek dat dit wat ek in my Bybel het; dat dit ooreenstem met dit wat die oorspronklike skrywer bedoel het.

Verder, hoe weet ek dat die vier Evangelies al die feite omtrent Jesus bevat. Is daar nie dalk ander biografieë omtrent die historiese Figuur van Jesus van Nasaret nie wat ander inligting omtrent Hom bevat en wat Hom in `n ander lig stel nie?

Daar is geen stukkie oorblyfsel van enige van die oorspronklike dokumente nie. Al wat ons het is kopieë van kopieë. Hoe kan die Evangelies se inhoud waar wees as ons nie meer die oorspronklike tot ons beskikking het nie?

Geagte Jurie

Dit is die vraag wat ons geleerde vriende ons vra om te beantwoord.

Wat waar is van die Bybel, is net so waar van alle ander antieke historiese geskrifte. Maar wa\t wel verskil van ander antieke historiese geskrifte is die aantal kopieë wat ons tot ons beskikking het. Dit bevoordeel ons in die bestudering van die inhoud wanneer ons die baie kopieë met mekaar vergelyk. Veral as die kopieë uit verskillende geografiese gebiede kom. Boonop het ons wel kopieë tot ons beskikking wat enkele geslagte na die oorspronklike oorgeskryf is. Ander antieke historiese geskrifte se beste afskrifte kom eers 700 tot 800 jaar na die oorspronklike.

Boonop het ons ou vertalings van die oorspronklike Griekse tekste tot ons beskikking wat byna net so oud is. Vertalings in Latyn, Siries, Kopties en enkele ander Midde Oosterse tale. Dan is daar nog die aanhalings uit die Nuwe Testamentiese geskrifte wat in behoue briewe, kommentare, preke ensovoorts na ons toe deurgekom het. Die ou Kerkvaders het geweldig baie geskryf en baie van die skrywes het behoue gebly en hulle aanhalings uit die Geskrifte is baie waardevol om met die kopieë te vergelyk.

Kom ons vergelyk die Nuwe testament met ander antieke historiese dokumente:

Tacitus, `n Romeinse historikus skryf sy “Annale van Imperialistiese Rome” in 116 nC. Die oudste en enigste manuskrip van sy ses boeke kom uit 850 nC. 700 Jaar na die oorspronklike. Van die Joodse historikus Josefus se werk “Die Joodse Oorlog” het ons kopieë uit die tiende, elfde en twaalfde eeu nC. 1000 Jaar na die oorspronklike geskryf is.

Hoe vergelyk die Nuwe Testament? Daar is ongeveer 5000 bekende antieke weergawes van die Nuwe Testament. Die antieke geskrif wat naas die Nuwe Testament die meeste manuskripte het is die “Iliad” van Homer (Die Grieke se “Bybel”) waarvan 650 antieke afskrifte bekend is.

Die manuskrip getuienis van die Nuwe Testament oor oorweldigend. Die oudste manuskripte wat tekste uit die Nuwe testament bevat is op Papirus geskryf. Ons het tans 99 Papirus manuskripte tot ons beskikking wat dele van die Nuwe Testament op het. Die belangrikste van hierdie 99 stukke is die Chester Beatty Bybelse Papirii (1) wat in 1930 ontdek is en wat dele van die vier Evangelies en ook dele uit Handelinge bevat. Dit dateer uit die 3de eeu nC.

Chester Beatty Bybelse Papirii (2) bevat groot dele van Paulus se briewe asook dele uit Hebreërs. Dit dateer uit ongeveer 200 nC. Chester Beatty Bybelse Papirii (3) het `n groot deel van Openbaring op. Die tydsverloop tussen die oorspronklike en die manuskrip tot ons beskikking is dus baie minder as by enige ander antieke historiese dokumente.

Wat is die oudste manuskrip van die Nuwe Testament tot ons beskikking?

Dis vyf verse van hoofstuk 18 uit die Evangelie van Johannes. Dis so 2½ duim by 3½ duim groot en is in 1920 in Egipte ontdek. Eers in 1934 is dit as uiters belangrik geag toe `n ander geleerde deur die ou papiri gesoek het en op die stukkie papirus afgekom het. Dit dateer uit 100nC tot 150 nC! Daar is elfs moontlikheid dat dit terug dateer na die tyd van Keiser Trajan, wat in 98 nC tot 117 nC geregeer het.

Liberale teoloë het in die 1800 geredeneer dat die Johannes Evangelie eers na 160 nC geskryf is! Nou het ons bewyse dat dit reeds in die jaar 100 nC, 70 jaar na Jesus se hemelvaart bestaan het! Die manuskrip kom uit Egipte, ver van Efese waar die Evangelie van Johannes sy ontstaan gehad het.

Dan is daar nog die Hoofletter Manuskripte wat op perkament geskryf is. Daar is 306 van hierdie manuskripte tot ons beskikking. Hulle is geskryf in Griekse hoofletters, soos wat die styl was in daardie tyd. Sommige dateer uit die 3de eeu nC. Die Codex Sinaiticus is `n volledige Nuwe Testament soos ons hom ken wat uit 350 nC dateer. Die Codex Vaticanus dateer ook uit hierdie tyd, maar is nie volledig nie.

Vanaf 800 nC kry ons ook Griekse klein letters. Ons het 2856 van hierdie manuskripte tot ons beskikking. Tel daarby die sg. Leesroosters waar die Nuwe Testament se volgorde verander is om in die ooreenstemmende dele van die jaar gelees te word. Daarvan is daar 2403 manuskripte.

Tel nog daarby die tussen 8000 en 10 000 Latynse Vulgaat manuskripte, 8000 Etipiese, Slawiese en Armeense manuskripte en ons het nagenoeg 24000 antieke manuskripte van die Nuwe Testament om deur te werk!

Geen ander versameling antieke manuskripte is so volledig in getal as die Nuwe Testament nie. Boonop dateer hulle veel nader aan die oorspronklike as enige ander antieke manuskrip.

Kon daar foute ingesluip het met die oorskryf van die manuskripte? Natuurlik het daar. Dis immers gewone mense wat geskryf het. Daar is ongeveer 200 000variasies wat voorgestel word vir die teks van die Nuwe Testament.

Een tipe variasie is dat die afskrywer die orde van die woorde omruil. Nou in Afrikaans maak die orde van woorde baie saak. “Hond byt man” en “Man byt hond” beteken verskillend. Maar in Grieks maak orde nie saak nie. So hierdie tipe fout het geen invloed gehad nie.

Al die variasies maak geen oomblik enige verskil aan die belangrike leerstellinge van die Kerk nie. Die tekste weerspreek mekaar nooit in sake soos die maagdelike geboorte, die opstanding uit die dood ensovoorts nie. Tog het elke Griekse Bybel wat dominees gebruik tekskritiese notas wat hom help om kennis te neem van moontlike veranderinge aan die teks vanweë oorskryf foute. Dominees word opgelei om hierdie dinge te kan beoordeel.

Die Nuwe Testament soos ons hom tans het, word deur die meeste Nuwe Testamentici as 99,5% korrek beskou!

Mooi so. Maar wat van die ander manuskripte wat nie in die Nuwe Testament opgeneem is nie. Hoe is daar besluit watter Boeke mag in en watter moet uit?

Die Kerkleiers van destyds het drie kriteria gehad.

1 Apostoliese gesag. Indien een van die 12 `n Boek geskryf het of dit minstens deur een van sy direkte volgelinge geskryf is.

2. Die geloofsreël. Is die dokument in ooreenstemming met die Christelike tradisie wat deur die Kerk as normatief aanvaar is?

3. Word die dokument in die grootste deel van die bestaande Kerk as gesaghebbend aanvaar?

Alhoewel daar wel stryery was oor enkele boeke, was die Nuwe testament byna volledig in sy huidige vorm binne die eerste twee eeue na Jesus se hemelvaart. Hierdie kanon was oor die hele Kerk in alle geografiese gebiede byna dieselfde. Die Boeke wat die Nuwe Testament uitmaak was net van die begin af deur almal as normatief beskou. Niemand in die vroeë Kerk het oor hulle gewonder nie.

Die ander manuskripte wat nou deur die Jesus Seminar voorgestel word as sou dit gelyke gesag met die Vier evangelies deel, val bloot net nie in dieselfde kategorie as die Vier evangelies nie.

Kom ons kyk vir `n oomblik na die bekendste een wat soveel emosie opgejaag het na die “Da Vinci Code” van Dan Brown. Die Evangelie van Thomas.

Die ‘Evangelie volgend Thomas” is in 1945 in Egipte gevind as deel van die sg. Nag Hamadi dokumente. Dit bevat, volgend eie getuienis, die geheime woorde wat die lewende Jesus met die Apostel Thomas gespreek het.

Die ontdekte teks kom uit die vyfde eeu nC en is in Kopties geskryf. Dit bevat 114 leringe wat Jesus kwansuis met Thomas sou gedeel het. Dit het geen biografiese stof nie. Sommige van die materiaal stem ooreen met die vier Evangelies. Leringe soos “`n Stad op `n hoë berg kan nie weggesteek word nie” Hier is die “hoë” ingevoeg wat nie in die evangelies voorkom nie. `n nader voorbeeld is “Gee aan die keiser wat hom toekom en aan God wat hom toekom”.

Tog is daar ook leringe wat verskil van die vier Evangelies. Leringe soos ; “Kap hout, en ek is daar” en “Lig `n klip op, en ek is daar”. Hierdie is Panteïstiese stellings wat vreemd is aan die Bybel.

Die Evangelie van Thomas eindig met die volgende:

*“Simon Petrus het vir Jesus gesê: ‘sê vir Maria sy moet padgee, want vrouens is nie goed genoeg om die ware lewe te kry nie.’ Maar Jesus het geantwoord: ‘Kyk, Ek sal haar lei sodat sy `n man kan word en sodat sy ook `n gees kan word wat lewe soos mans s’n. Elke vrou wat van haarself `n man maak, sal in die koninkryk van die hemel ingaan’”.*

Dit is mos geensins in ooreenstemming met wat Jesus in die vier Evangelies gesê het nie!

Die Jesus Seminar sê die Kerk het by die Sinodes en Konsilies waar die kanon vasgemaak is, saamgesweer teen die Evangelie van Thomas om dit stil te maak.

Hulle standpunt spreek van `n onkunde van die drie kriteria wat ons reeds bespreek het. Die Evangelie van Thomas het homself uitgesluit uit die Kanon uit vanweë sy inhoud, datering en styl. Die Sinodes en Konsilies het nooit “gestem’ oor wat is in en wat is uit nie. Hierdie feit is baie belangrik!

Die Boeke wat ingesluit is, het op natuurlike wyse deel geword omdat die Kerk dit spontaan as gesaghebbend aanvaar het.

Dit is egter ook waar dat die boeke Hebreërs, Openbaring en Jakobus dit moeiliker gevind het om deel te word van die Nuwe Testamentiese kanon. Selfs vandag nog weier die Siriese Kerk om Openbaring te aanvaar.

Dit wys egter net dat die kanonvorming nie lukraak plaasgevind het nie, maar dat indringende vrae wel gevra is voordat sommige gemeentes se aanvaarding van sekere boeke, deur die res van die Kerk aanvaar is.

Die sg. Pseudegrafiese boeke soos die Evangelies van Nikodemus, Thomas, Barnabas, Bartholomeus en Andreas asook die Brief van Paulus aan die Laodisense en die Apokalips van Stephanus en enkele ander is nie aanvaar nie. Punt. Nie en Kerkvader of Sinode het hulle as gesaghebbend selfs net oorweeg nie! Lees hulle gerus. Jy sal saamstem dat hulle absurd en ver van die waarheid verwyder is.

Een van die bekendste en mees gerespekteerde Nuwe Testamentici, wyle Bruce M Metzger het dit so gestel: *“I have asked questions all my life. I’ve dug into the text. I’ve studied this throroughly, and today I know with confidence that my trust in Jesus has been well placed. Very well placed!”*

**Bewystuk D Daar is aanvaarbare bewyse van Jesus buite die vier Evangelies?**

Die vier Evangelies staan sterk wat hulle eie getuienis betref. Dit het ons nou al mooi gesien. Maar, sal ons geleerde vriende van die Nuwe hervorming redeneer, natuurlik sal hulle goed lyk! Maar, is die Evangelies histories korrek?

Geagte Jurie

Ek wil aan u vandag ook die bewyse voorlê uit buite Bybelse bronne en wel uit die van Josefus en van Tacitus. Ek het vroeër na hulle werke verwys.

Ons lees in die Evangelies dat mense na aan Jesus soos byvoorbeeld sy broers, nie onmiddellik in Hom as die Messias geglo het nie. Dis eers later wat ons lees dat twee van sy broers wel literêre bydraes gemaak het tot die Nuwe Testament, en wel in die briewe van Jakobus en van Judas. Beide was broers van Jesus.

In sy tyd op aarde het Jesus egter nie sy broers sodanig beïndruk dat hulle in Hom geglo het nie. Tog het Jesus twee totale buitestanders sodanig beïndruk dat hulle na Hom in hulle werk verwys het. Dit terwyl belangrike figure soos Pontius Pilatus en Herodus die Grote feitlik gladnie in bronne buite die Bybel genoem word nie!

Josephus

Josephus is in 37 nC gebore en het sy werk voor die einde van die eerste eeu geskryf. Hy was `n Joodse soldaat wat eerder oorgegee het aan die Romeine as om selfmoord te pleeg, soos sy medestryders. Toe word hy `n skrywer. Hy was ook `n Fariseër en het baie van homself gedink. Hy wou die geskiedenis van die Jode skryf van die skepping af tot in sy tyd. Hy het sy werk in 93 nC voltooi. In die proses het hy met die Romeine begin saamwerk en is hy deur die Jode as `n verraaier beskou.

In sy werk verwys hy na Jakobus, die broer van Jesus en ook na Jesus self. Hy beskryf hoe die hoë priester, ene Ananias (klink bekend, nê?) die Romeinse konsul genaamd Festus (Weereens bekend, nê?) se dood misbruik het om ene Jakobus, broer van Jesus wat ook die Christus genoem word, te laat stenig. Geen geleerde kon nog hierdie gedeelte in Josephus se “Antiquities” weerspreek nie.

Josephus skryf ook:

*“Daar het in die tyd ook `n wyse man met die naam Jesus geleef. As `n mens hom ooit `n “man’ kon noem. Hy het wonderlike dade verrig en sy leringe was van so `n aard dat die mense sy woorde graag ter harte geneem het. Hy het baie Jode en Grieke gewen vir sy saak. Hy was die Christus. Nadat Pilatus hom oorgegee het om gekruisig te word nadat mense met hoë aansien Hom by Pilatus aangekla het, het die mense wat vir hom lief was, nie hulle liefde vir hom verloor nie. Na drie dae het hy aan hulle verskyn asof hy uit die dood teruggekeer het. Die profete het hieroor geprofeteer en wonderlike dinge van hom gesê. En die stam wat hulle self Christene genoem het, het tot vandag toe nog nie verdwyn nie, maar is steeds saam met ons.”* (My eie vertaling)

Joodse en Christen geleerdes is dit eens dat die teks van Josephus eg is. Daar is egter frases in die paragraaf wat moontlik nie deur Josephus geskryf is nie, maar deur Christene ingedra is. Byvoorbeeld. Die verwysing na Jesus as “`n wyse man” is oorspronklik van Josephus afkomstig. Chrsitene het nooit na Jesus as `n “wyse man” verwys nie.

Maar die frase ”*As `n mens hom ooit `n “man’ kon noem.”* kom baie beslis nie van Josephus af nie. Dis heel waarskynlik deur Christene in die teks ingedra. Ook die frase *“Hy was die Christus”* is waarskynlik nie van Josephus afkomstig nie. Die laaste frase wat moontlik ingedra kon wees in die teks in is die frase *“Na drie dae het hy aan hulle verskyn asof hy uit die dood teruggekeer het”.*

Haal die drie frases uit, en jy het steeds die wete dat Jesus `n Wyse Man was wat baie volgelinge gehad het ondanks die feit dat Hy deur Pilatus laat kruisig is op aandrang van die Joodse leiers.

As Jesus dan so belangrik was in daardie tyd, waarom het Josephus nie meer oor Hom geskryf nie? Die antwoord is maklik. Josephus het in die Joodse politiek belanggestel. Jesus het geen politieke oogmerke gehad nie. Hy het nie eens teen die Romeinse belastingwette in opstand gekom nie. Dis immers waarom Judas Hom verraai het. Josephus skryf baie meer oor Johannes die Doper want hierdie Johannes het politieke opslae gemaak met sy kritiek teen Herodus die Grote.

Omdat Josephus se vertellings oor die Joodse oorloë baie noukeurig en waar is, kan ons aflei dat sy beskrywings van Jesus ook so noukeurig en waar is.

Die ander historikus wat oor Jesus geskryf het, was Tacitus. Hy skryf onder andere in 115nC baie duidelik dat Keiser Nero self die brand van 64nC in Rome gestig het en die Christene die skuld daarvoor gegee het.

Tacitus skryf verder *“Christus, vanwaar die Christene hulle naam afgelei het, het die hoogste tol betaal gedurende die regering van Keiser Tiberius aan die hand van Prokurator Pontius Pilatus. `n Misdadige bygeloof is dus onderdruk, maar dit het weer opgespring, nie net in Judea nie, maar ook in Rome self ...”*

Kan Tacitus se verwysing na die her - uitbreek van die “bygeloof” `n verwysing wees na die opstanding? Moontlik, maar wat ons wel seker weet is dat `n beweging gebaseer op die leringe van `n gekruisigde man, moes verklaar word. Tacitus het immers ook later geskryf dat die Christene eerder hulle lewe opgeoffer het as om hulle geloof te versaak. Vir die leringe van `n gekruisigde man. Baie beslis was daar meer om die storie. Ons as gelowiges ken die waarheid.

Daardie gekruisigde Man het weer opgestaan uit die dood!

Ook `n ander Romeinse skrywer, Plini die Jongere verwys na die Christene wat hy ter dood veroordeel het “omdat hulle hardkoppig was”. Dis geskryf in 111 nC en wys hoe wyd die Christendom toe reeds versprei het. Plini was goewerneur van Turkye!

Die Evangelies berig dat die aarde donker geword h et toe Jesus aan die kruis gehang het. Is daar enige buite Bybelse verwysings hierna?

Die skrywer Julius Africanus skryf in 221 nC `n geskiedkundige werk en verwys na `n ander skrywer wie se werk intussen verlore gegaan het, ene Thallus wat in 52 nC geskryf het van “die dag toe die aarde donker geword het”.

`n Sonsverduistering?

Phlegon, `n Griekse skrywer berig in 137 nC dat daar in die vierde jaar van 202de Olimpiad ( di. 33 nC) `n sonsverduistering was wat oral in die bekende wêreld sigbaar was. Dit het donker geword op die sesde uur van die dag (12 uur middag) en selfs die sterre was sigbaar!

Is daar enige verwysings na Jesus in die Joodse godsdienstige geskrifte soos dieTalmud (500 nC) en die Mishnah (200 nC)?

Daar is inderdaad verwysings na Jesus, almal wat Hom uitwys as `n leuenaar en ketter. Tog ondersteun dit die Evangelies se beeld van Jesus as geneesheer.

Ons het inderdaad meer inligting uit meer bronne aangaande Jesus as van enige ander stigter van `n prominente godsdiens soos Mohammed en Boedha. Selfs sonder die Bybelse bronne aangaande Jesus, sou ons `n heel goeie biografie van Jesus kon neerpen deur net van die ander bronne gebruik te maak.

Intussen moet ons onthou dat Paulus se briewe voor die Evangelies tot stand gekom het. Alhoewel hy nie die aardse Jesus geken het nie, het hy wel volgens sy eie getuienis, die opgestane Jesus ontmoet en self ook by ooggetuies vasgestel of sy beeld van Jesus korrek is. Paulus bevestig dat Jesus gelykenisse vertel het en wonderwerke gedoen het. Hy getuig ook oor karaktertrekke van Jesus wat ook in die evangelies voorkom naamlik Jesus se nederigheid, gehoorsaamheid, liefde vir sondaars ensovoort.

Paulus, wat uit die monoteïstiese Jodedom kom, aanbid Jesus as God. Dit is `n baie belangrike waarneming as daar oor Jesus se Godheid geredeneer word met die Jesus Seminar en die Nuwe Hervorming.

Ook die Kerkvaders, by name Clement, Ignatius, Polikarpus en Barnabas getuig oor die grondbeginsels van ons geloof naamlik Jesus se leringe, sy kruisiging, opstanding en Goddelike natuur.

**Bewystuk E. Meer argeologiese bewyse, U Edele.**

Is daar argeologiese bewyse dat dit wat die vier Evangelies berig, die waarheid is? Die Evangelie van Lukas kan ons hier van groot waarde wees aangesien Lukas homself uitgee as `n historikus. Kan Lukas se weergawe van die geskiedenis vertrou word? Stem sy weergawe van wat destyds gebeur het ooreen met die argeologiese data tot ons beskikking?

Kom ons laat Inspekteur Sherlock Holmes verder getuig. Wat het hy onder sy vergrootglas gevind?

Lukas 3:1. *“En in die vyftiende jaar van die regering van keiser Tibérius, toe Pontius Pilatus goewerneur was van Judéa en Herodes viervors van Galiléa, en Filippus, sy broer, viervors van Ituréa en die land Trachonítus, en Lisánias viervors van Abiléne,”*

Vir baie jare is geglo dat Lukas hier ver verkeerd was. “Lisánias viervors van Abiléne?” Daar was wel `n “Lisánias” wat vyftig jaar vroeër in Chalcis regeer het, maar hy was nie `n viervors nie en boonop ver van Abiléne! Ons geleerde vriende van die Jesus Seminar is gou om dit aan ons uit te wys.

Maar, agbare Jurie, daar is onlangs argeologiese bewyse gevind van `n inskripsie uit 14 nC tot 27 nC wat Lukas se gegewens bevestig! Daar was twee mense met die naam “Lisánias”!

Altesame 32 lande, 54 stede en nege eilande waarna Lukas in sy Evangelie en Handelinge verwys, is reeds as geografies korrek bewys!

Die ander Evangelies se korrektheid is eweneens bewys. So is die Bad van Betesda gevind met sy vyf wandelgange, net soos Johannes berig in Johannes 5 verse 1 tot 15!

Wat Markus betref het die slim ateïs, Michael Martin die aardskuddende standpunt ingeneem dat Markus galdnie die Palistynse geografie geken het nie. Hy haal Markus 7 vers 31 aan: *“En Hy het weer uit die gebied van Tirus en Sidon vertrek en na die see van Galiléa gegaan, deur die gebied van Dekápolis.”*

Volgens Martin sal hierdie roete jou wegneem van die See van Galilea en nie daarheen nie.

Dit is egter ons geleerde vriend, Martin wat vir Markus om verskoning moet vra. Hy het vergeet dat daar in Jesus se tyd nog nie snelweë was nie. Jesus het nie die korste pad noodwendig geloop nie. Dekapolis is `n groep van tien dorpies wat saam gegroepeer is. Daar is niks fout met Markus se weergawe nie. Martin is bloot opsetlik onnosel, om dit nou maar reguit te stel.

So paar ander interessante opmerkings:

<u>Die sensus van Keiser Augustus.</u>

Ons het `n buite Bybelse bron wat vertel van `n proklamasie van Gaius Vibius Maximus, Prefek van Egipte waarin hy beveel dat elkeen na sy eie huis moet gaan sodat `n huis tot huis sensus gehou kon word.

Tog is daar steeds `n probleem. Lukas berig dat die sensus plaasgevind het toe Quirinius die goewerneur van Sirië was in die tyd toe Herodus die Groete regeer het in Judea.

Ons weet Herodus is dood in die jaar 4 vC en dat Quirinius eers in 6 nC regeer het. Ons geleerde vriende van die Jesus Seminar is eweneens opgewonde om hierdie fout aan ons uit te wys.

Geagte Jurie, daar is onlangs `n muntstuk ontdek met die inskripsie daarop wat verklaar dat Quirinius reeds in 11 vC regeer het! Dit laat ons met die wete, dat net soos in die geval van Lisánias wat ons vroeër genoem het, daar inderwaarheid twee mense was met die naam Quirinius!

Nasaret

Skeptici beweer reeds baie jare dat die dorp Nasaret nie in Jesus se tyd bestaan het nie. Nasaret word inderdaad nie in die Ou testament genoem nie; ook nie in Paulus se skrywes of in die Talmud waar 63 dorpe beskryf word nie. Die enigste verwysing buiten dit wat ons in die evangelies aantref oor Nasaret kom uit die 4de eeu nC.

Tog is daar bewyse dat die dorpie so klein was in die eerste eeu ( ongeveer 480 inwoners) dat dit nie die moeite werd was om te noem nie. Argeologiese opgrawings in hedendaagse Nasaret (Vandag `n groot dorp) bevestig dat die dorp toe reeds bestaan het.

Die Dooie See Rolle

In 1947 het `n jong skaapwagtertjie een van sy skape langs die Dooie See gaan soek. Hy het die skaap hoor blêr en `n klip gegooi na waar die skaap kon wees om hom op te jaag. Die skaapwagterjie het `n kleipot hoor breek en gaan ondersoek instel. Die uiteinde was seker die grootste argeologiese fonds tot nog toe. Honderde kleipotte, weggesteek in grotte. Almal gevul met dokumente wat dateer van 250 vC tot 68 nC. Dokumente versamel deur `n sekte van die Jode, wat hulle self die Esseners genoem het. Verskeie Ou testament boeke is hier gevind, onder andere die oudste volledige weergawe van die Profeet Jeremia se werk. Daarby, ook heelwat Nuwe Testament geskrifte soos die oudste beskikbare weergawe van die Evangelie van Markus. (17 – 20 jaar na die kruisiging!)

Die belangrikste dokument is manuskrip 4Q521. Dit is `n aanhaling van Jesaja 61. Nou Jesus haal aan uit Jesaja 61 wanneer Hy Johannes die Doper se dissipels antwoord of Hy die Een is wat sou kom (Matteus 11:30) Jesus haal dan aan uit Jesaja 35, en sê onder andere “die dooies word opgewek”. In die Ou Testament kom hierdie frase nie voor in Jesaja 35 nie. Maar manuskrip 4Q521 plaas hierdie frase in Jesaja 61! En manuskrip 4Q521dateer van 30 jaar vC!

Jesus se aanspraak as die messias volgens Sy kennis van die Ou Testament was dus 100% korrek!

**Aanklag 3. Jesus se aanspraak dat Hy die Seun van God is en dat Hy en Hy alleen die Messias is, is vals.**

Voorlegging: Is die historiese Jesus en die Jesus as Hoof van die Christelike geloof een en dieselfde Jesus?

Geagte Jurie, hier staan ons uiteindelik direk voor die ons geleerde vriende van die Jesus Seminar.

U moet weet dat die Jesus Seminar baie beslis nie die hoofstroom van Nuwe Testamentiese navorsing verteenwoordig nie. Hulle maak egter die meeste lawaai.

Ons het aan die begin van ons getuienis gesê dat die Jesus Seminar `n nuwe prentjie van Jesus wil skilder. Weg (met respek gesê) met die Kerk se Jesus en Hallo vir `n afgewaterde, Liewe Jesus

Eintlik het die slim vriende van ons bloot gekry wat hulle gesoek het. `n makgemaakte Evangelie wat die mens gelukkig hou.

Hulle het hier e daar van mekaar verskil, soos of Jesus `n Vryheidsvegter was, `n Wyse Man, Godsdienstige Fanatikus, Feminis of Wonderwerker. Maar oor een saak het hulle saamgestem. Die Mens Jesus was `n gewone mens sonder enige Goddelike eienskappe! Hulle beweer dat die dissipels Jesus nooit as God of Messias gesien het nie en dat Hy bloot `n charismatiese leier was wat ontydig dood is en wie se volgelinge die storie van `n opstanding versin het om hulle eie hartseer beter te maak.

Die Jesus Seminar beskulding die tradisionele teoloë dat hulle `n teologiese agenda bedryf terwyl hulle by die Seminar, onbevooroordeeld na alles kyk. Die Seminar weier om God te sien as Almagtige Outonoom. God het geen krag nie. Hulle neem Jesus se Goddelikheid weg en vra dan die vraag na die maagdelike geboorte en die opstanding.

Die Jesus Seminar het alles wat Joods of Christelik klink in die Evangelies gesien as iets wat vanuit `n Joodse of Christelike bron gekom het. Hulle verloor uit die oog dat Jesus `n Jood was en dat Hy die Christelike Kerk gestig het. Geen wonder die Evangelies en veral Jesus se woorde dra sulke Joodse en Christelike kenmerke nie!

Die Seminar reken ook dat Jesus net `n wonderwerker was in die tradisie van ander rabbi’s wat ook duiwels uitgedryf het en vir reën gebid het. Ons het heelwat rekords van sodanige rabbi’s.

Tog kan Jesus se wonderwerke nie met die van die rabbi’s vergelyk word nie, want Jesus se wonderwerke was so buitengewoon en radikaal dat Hy uitstaan bo alles.

Die Jesus Seminar trek byvoorbeeld ook `n vergelyking met ene Apollonius van Tyana. Daar word oor hom berig dat hy siekes genees het en selfs `n dogtertjie uit die dood opgewek het.

Tog skryf die biograaf Philostratus eers 150 jaar na Apolonius se dood, terwyl ons nou weet dat Jesus se verhale baie gouer op skrif was. Legendes het in Apollonius se geval; meer geleentheid gehad om in te sluip. Die feit dat Philostratus 150 later

eers skryf, beteken dat die Christendom met sy oorleweringe omtrent jesus, dalk `n invloed kon gehad het op die legendes rondom Apollonius.

Boonop het ons in Jesus se geval, verskeie bronne wat ooreenstem. In Apollonius se geval, het ons net die een bron.

Die misterie godsdienste is `n ander geval waarmee die Jesus Seminar Jesus wil vergelyk. Die misterie godsdienste was sg. Doen-dit-self godsdienste wat soortgelyke stories oor mense vertel het as wat die kerk oor Jesus vertel het. Die Seminar reken dan dat Jesus dalk ook bloot net nog `n misterie godsdiens bedryf het.

Kom ons beoordeel die Jesus Seminar nou vir eens en altyd. Een van die Seminar se groot kanonne is John Dominic Crossan. Hy lê baie klem op die Evangelie van Thomas, wat ons reeds gesien het, nie standhou teen die vier Evangelies nie. Crossan se ander bron is `n teks genaamd “Die Geheime Markus”. Die groot grap is dat ons nêrens `n afskrif het van hierdie “Geheime Markus” nie. Ons het bloot `n verwysing daarna in `n aanhaling van Clement van Alexandria, `n Ou Kerkvader uit die 2de eeu!

Ons sien dus dat daar `n groot verskil is tussen die Jesus van die Jesus Seminar en die Jesus van ons geloofslewe. Ons Jesus word gekenmerk deur sy Goddelikheid, die kruis, die leë kruis, sy selfopofferende liefde en die opstanding.

G’n wonder nie dat die Kerk reeds vroeg in haar geloofsbelydenisse bely het ; Jesus Christus, redder, Seun van God. Soos die Griekse akroniem dan ook klink:

ιχθυσ = vis 

ι Jesus χ Christus θ God υ Seun σ Redder

Ek dien die Jesus soos Bybelse geskiedenis Hom skilder en Hy is uiteraard ook die Jesus van my geloof.

Ons gaan nou na Jesus self kyk. Was Hy self oortuig dat HY die Seun van God is? Die slim geleerdes van die 21stu eeu beweer dat, sou jy die vroegste materiaal omtrent Jesus bestudeer, jy agter sou kom dat Jesus homself nooit as God gesien het nie. Dat Hy aanstoot sou neem in die feit dat ek en jy Hom vandag aanbid.

Die feit is dat Jesus nêrens dit eksplisiet noem dat Hy God is nie. Dit is egter nie vanweë `n moontlikheid dat Hy nie geweet het dat Hy ook God is nie, maar weens die feit dat die mense van sy tyd nie `n Drie-Eenheids beeld gehad het nie. Hulle het net God die vader geken, Hom Jahwe genoem en aanbid.

Daar is egter baie duidelike bewyse dat Hy homself wel as God gesien het, sonder om dit eksplisiet te noem.

1. Hy het 12 volgelinge gekies, en Hy was nie een van die 12 nie. Net soos God die 12 stamme van Israel gekies het, met God self as Leier het Jesus 12 volgelinge gekies, met Homself as Leier.

2. Jesus sê onder andere op `n plek dat van alle mense uit `n vrou gebore, Johannes die Doper die grootste is. Wat dan van Homself? Ooglopend plaas Hy Homself op `n ander vlak.

3. Jesus se stelling dat dit nie is wat ons eet wat ons onrein maak nie, maar wel wat uit ons hart kom, is `n direkte verandering van die Mosaïtiese wette – iets wat slegs God kon doen.

4. Daar is `n rede waarom die Romeine bokant die kruis `n opskrif aangebring het "Hierdie is die Koning van die Jode"

5. Jesus het sy wonderwerke beskou as `n teken dat die Koninkryk van God op hande is. Sy werk is komende van God.

6. Waar dit Joodse gebruik was om elke lering met een of twee getuies te bevestig, doen Jesus dit nie. Hy beskou sy eie gesag as genoeg. Mag wat selfs die groot profete nie gehad het nie.

7. Sy aanspreek van sy vader as "Abba" is baie intiem en vreemd vir die mense van sy dag ens elfs vandag.

8. Jesus sien Homself as "Die Seun van die Mens". `n Term geleen uit Daniël 7, waar die titel in verband gebring word met die komende Messias.

Johannes 1 is dalk die beste voorbeeld van hoe Jesus deur sy volgelinge beskou is:

*"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Daar was `n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. Hy het tot `n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. Hy*

*was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig. Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van `n man nie, maar uit God gebore is. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, `n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid."*

Ons kan nog Jesus se doop, verheerliking en die Getsemane gebeure noem as plekke waar Jesus se Godheid sterk na vore kom.

Dit is nie toevallig dat die oudste Christelike preek tot ons beskikking, die oudste verhaal van martelaarskap, die oudste heidense verwysing na die kerk en die oudste gebed tot ons beskikking; almal verwys na die feit dat Jesus God was. Jesus self sê immers: "Ek en die Vader is Een!"

**Aanklag 4. Die opstanding: Daar is geen Mediese getuienis om die Opstanding te ondersteun nie.**

Geagte Jurie

Ons geloof staan en val by die Opstanding. As daar geen opstanding uit die dood was nie, dan sal daar ook nie in die toekoms een wees nie, en dan is kerkwees en gelowige wees absurd en onnodig.

Terwyl ons dan nou by dalk die ernstigste aanklag gekom het, moet u ook weet dat die aanklag nie net van die liberale teologie af kom nie, maar ook vanaf ander godsdienste. Die Koran, heilige boek van die Moslems beweer dat Jesus nooit dood was nie.

Die aanklag is dat Jesus nooit gesterf het nie, maar flou geword het of `n skyndood gehad het. Hy het immers `n spons met `n middel op gekry en ingeneem. Kon dit vir Jesus in `n skyndood geplaas het? Pilatus was immer verbaas dat Jesus so gou dood is. Daar is selfs mense wat beweer dat Pilatus omgekoop is sodat Jesus van die kruis afgehaal kon word voordat Hy sou sterf.

Hoe het `n kruisiging gewerk?

Passion of the Christ??

Ons lees dat Jesus in Getsemane, nog voor enige mishandeling, bloed gesweet het; net by die gedagte van wat vir om voorgelê het.

Geagte Jurie

Om bloed te sweet is `n bekende en goed gedokumenteerde mediese toestand! Dit word "hematidrosis" genoem. Tydens erge angs word ensieme vrygestel wat die

bloedvate stukkend maak en wat dan as saam met sweet op die vel manifesteer. Wat meer is, hematidrosis maak die hele vel teer en geneig tot bloeding. Enkele ure na die bloedsweet in Getsamane is Jesus op die mees barbaarse manier gegesel. Dit op `n vel wat dun en verswak was!

`n Romeinse geseling was ten minste 39 houe met `n sweep waarin loodpunte ingevleg was. Meesal het die soldaat aangehou slaan tot hy moeg was. Veel meer as 39 houe. Skerp stukkies been is ook in die sweep ingevleg met die gevolg dat die liggaam uitmekaar geruk is deur die geseling. Soms kon die beendere gesien word, veral die rugstring. Rug, boude en bene is stelsigmatig bygedam. `n Derde eeuse historikus, Eusebius het gemeld dat die gevangene se ingewande sigbaar was, so diep het die houe gesny. Die slagare is blootgelê en soms stukkend geslaan.

Bloedverlies het dan gemaak dat die slagoffer in skok gegaan het. Die hart wil dan bloed laat vloei wat nie meer daar is nie. Daarom word die hartklop al vinniger. Die bloeddruk val vinnig en ver. Die niere hou ook op om urine te maak. Die slagoffer word vreeslik dors vanweë die bloedverlies.

Toe Jesus se liggaam onder die gewig van die kruis ingegee het, was Hy reeds in skok gewees. Hy was in `n medies kritiese toestand nog voor die spykers deur sy hande en voete gedryf is.

Tog was `n kruisdood `n stadige manier van sterf. Dit was moeilik vir `n soldaat om te bepaal of `n gevangene dood was. `n Geneesheer moes eintlik, soos by vandag se teregstellings, bygestaan het om die dood van die slagoffer te bevestig. In 30 nC was dit baie beslis nie die geval nie.

Op Golgotha is Jesus se liggaam op die ruwe hout vasgedruk. Onthou sy rug was flenters. Nou vreet die ruwe hout in sy rugspiere in.

Dan is die spykers deur sy gewrigte gedryf. Die dwarsbalk van die kruis was op die stadium nie vas aan die regop deel daarvan nie. Die spykers was tussen vyf en sewe duim lank en vierhoekig wat in `n skerp punt geeïndig het. Die spykers is baie beslis nie deur die handpalms gedryf nie want dit sou dan kon uitskeur. Die spyker sou, wanneer dit deur die gewrig gedryf word, die mediaanse senuwee vergruis. `n aanhoudende pyn, soortgelyk as een wanneer jy jou 'shockbeentjie" stamp, sou volg.

Dan is die dwarsbalk aan die regop balk vasgemaak en die spykers is dan deur die enkels gedryf. Weereens is `n soortgelyke senuwee getref wat die pyn verder verhoog het.

Die oomblik wat die kruis regop staan gemaak is. Sou die arms begin rek – tot 6 duim in lengte! Beide skouers sou uit hulle potjies getrek word. In Psalm 22 staan daar mos: "al my beendere raak los".

Maar wat het die welkome dood vir `n gekruisigde gebring? Dokters is dit vandag eens dat die dood aan `n kruis die gevolg was van stadige koolstofdioksiedvergiftiging.

Die manier van hang aan `n kruis het gemaak dat hy kon inasem, maar nie uitasem nie. Om uit te asem moes die slagoffer homself opstoot teen die kruis om die druk op sy diafragma te verlig. Soos die tyd aanstap, en die kragte minder word, kan die slagoffer hom later nie meer opstoot nie.

Die koolstofdioksied word koolstof suur wat die suurgehalte van die bloed verhoog. `n Onegalige hartklop is die gevolg. Wanneer dit gebeur, was die dood op jou. Daarom dat Jesus geweet het dat sy dood naby was en kon uitroep “Vader, in U hande gee ek my Gees oor” Toe het Hy aan `n hartaanval gesterf.

Die skok waarin die slagoffer verkeer het saam met die onegalige hartklop en hartversaking gebring. `n Hartaanval het gevolg.

In die laaste stadium voor die dood intree, sou vog in die hartsak begin opdam het asook om die longe.

Wanneer die soldaat dan die spies vanaf die slagoffer se regterkant tussen die ribbes insteek, sou bloed en water uitgevloei het – net soos wat die Evangelies berig.

Kardioloë is dit eens dat Jesus op daardie punt reeds dood was. Volledig, dood.

Waarom is die twee moordenaars wat saam met Jesus gekruisig is, se bene gebreek?

Dit was om hulle te verhoed om hulleself teen die kruispaal op te stoot ten einde asem te kan haal.

Sommige skeptici beweer dat `n gekruisigde nie vasgespyker is aan die kruis nie, maar vasgebind is. Tog is daar argeologiese bewyse van gekruisigdes wat begrawe is met die spykers wat nog tussen die beendere insteek.

Jesus was dood aan die kruis, daaroor kan daar nie twyfel bestaan nie. Romeinse soldate was sg. “Doodmaak Spesialiste” Hulle het geweet hoe.

Is daar enige kans dat Jesus die kruisiging kon oorleef? Dokters is dit eens dat die spiessteek tot in die hart enige kans op oorlewing finaal gekelder het. Buitendien sou geen Romeinse soldaat sy eie lewe in gevaar stel deur iemand dood te verklaar terwyl hy nog nie dood is nie.

Niemand in die toestand waarin Jesus was, sou self kon vrykom uit die graf en selfs nog weg kon loop nie.

Wat het gemaak dat Jesus, wetende van wat op Hom wag, vrywillig Hom oorgegee het aan die Jode, niks gesê het vir sy verdediging nie en vrywillig aan die kruis gesterf het?

Daar is net een antwoord:

Liefde!

Maar nou kom `n tweede vraag. As Hy dan werklik dood was. Watter bewyse is daar dat Hy werklik opgestaan het? Dat die graf inderdaad leeg was? Hierdie vraag is selfs belangriker as die eerste een of Hy werklik dood was.

Die misterie rondom Jesus kan so opgesom word: Hy het geleef, het gesterf en het weer geleef! Die leë graf is die spilpunt van ons geloof. Dit bevestig Jesus se mag oor die dood- ook ons dood. Dit onderstreep die feit dat Hy God is.

Is Jesus regtig begrawe?

Ons weet dat gekruisigdes soms aan die kruis gelos is vir die voëls om op te eet. Ander kere is hulle in `n massagraf begrawe. John Dominic Crossan beweer dat Jesus se liggaam deur honde opgevreet is.

Al getuienis wat ons het kom uit die beriggie dat Josef van Arimithea, `n lid van die Joodse Raad – dieselfde Raad wat Jesus se dood gevra het, vir Pilatus toestemming gevra het om Jesus se liggaam van die kruis te verwyder en te begrawe.

Hoe sou `n lid van dieselfde Raad wat Jesus dood wou hê, nou skielik vir Hom `n begrafnis wou reël?

Tog is daar ander bronne wat dit bevestig. In 1 Korintiërs 15 verse 3 tot 7 gee Paulus vir ons ` deel van `n Geloofsbelydenis wat deur die Kerk gebruik is enkele jare na die werklike gebeure.

*"Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte ..."*

Maar hoe is Hy begrawe. Al vier Evangelies noem Josef van Arimithea. As ons in ag neem dat die volgelinge van Jesus nie veel ooghare sou hê vir lede van die Joodse raad nie, is dit moeilik om te glo dat hulle `n lid van die Joodse raad sou fabriseer om Hom te begrawe. Al gevolgtrekking is dat Josef van Arimithea baie beslis `n historiese figuur is en dat hy Jesus en die eerste Christene goed gesind was; dat hy waarskynlik self `n Christen was. Matteus sê hy was nie by toe die Joodse Raad Jesus ter dood veroordeel het nie.

Nou die vraag. Hoe veilig was die graf? Was die sekuriteit rondom die graf genoeg om te keer dat iemand Jesus se liggaam verwyder?

Die tegniek wat gebruik is om klippe voor `n graf te rol was swaartekrag. Die toemaak was maklik – dit het afdraande plaasgevind. Om dit oop te maak sou `n hele klompie manne geverg het om die swaar steen opdraande te stoot.

Ons kan aanvaar dat daar ook Romeinse wagte was wat die graf bewaak het. Die Christene het dit geweet en die Jode ook, want die Joodse Raad se verweer was dat die wagte aan die slaap geraak het en dat Jesus se dissipels die liggaam van Jesus gesteel het.

Tog is die vier Evangeliese weergawes van die leë graf so verskillend dat hulle mekaar selfs weerspreek. Tog, by `n tweede lees sien ons dat hulle net op die onbelangrike punte verskil. Die essensie dat Jesus se liggaam weg was; dat die graf leeg was.

`n Saak wat nog meer gewig dra om die verhaal van die leë graf te bevestig is die feit dat vroue die eerste getuies was. Vroue se getuienis in daardie tyd was niks werd nie. As die Evangeliste `n valse storie wou skryf sou hulle baie beslis nie vroue as die eerste getuies van die opstandig gebruik het nie.

Al rede waarom hulle vroue as getuies sou uitwys, is omdat dit die waarheid was! Die Evangeliste het getrou die gebeure opgeteken, selfs tot hulle eie nadeel!

Jode en Christene in daardie tyd moes geweet het waar die graf was. Die Christendom sou nie in Jerusalem kon wortel skiet as die graf nie volgens alle getuienis, leeg was nie!

**Aanklag 5. Die opstanding: Die getuienis aangaande die verskynings van Jesus is vals.**

Geagte Jurie

Tot my nadeel moet ek erken dat daar geen getuies is wat geroep kan word aangaande die Opstanding self nie. Al bewyse van `n Opstanding moet daarom gevind word in die getuienis van mense wat Jesus na sy kruisdood gesien het.

Hoe weet ons dat Paulus se woorde in 1 Korintiërs 15, soos ons dit reeds aangehaal het deel vorm van `n baie vroeë Christelike geloofsbelydenis. Maar is dit waar? Is dit regtig `n belydenis waarop peil getrek kan word?

Eerstens – dit bevat die Rabynse tegniese terme “oorgelewer” en “ontvang”.

Tweedens – die styl waarin dit aangebied word is tipies van `n geloofsbelydenis.

Derdens – Dit gebruik die naam Sefas vir Petrus – die Aramese weergawe van sy naam. Die eerste volgelinge van Jesus het Aramees gepraat.

Vierdens – primitiewe frases oos :die derde dag” en “die twaalf” word gebruik.

Boonop skryf Paulus hierdie deel van 1 Korintiërs tussen 32 en 38 nC. Binne 5 jaar na die Opstanding! Toe baie van die getuies nog geleef het! Boonop berig die oudste verwysing na die Opstanding dat 500 mense vir Jesus lewend gesien het! Die Evangelies sê dit nie, maar omdat die berig so na aan die werklike gebeure geskryf is – wel. Dan is dit mos waar! Boonop staan die getuienis van Petrus en die ander dissipels ook bo verdenking.

Maar wat berig die Evangelies? Hier is `n lys van mense uit die Evangelies aan wie Jesus as opgestane Here verskyn het:

Maria Magdalena (Johannes 20)

Ander vroue (Matteus 28)

Cleopas en nog `n dissipel op pad na Emmaus (Lukas 24)

Die elf en andere (Lukas 24)

Tien dissipels en andere (Johannes 20)

Thomas en die ander dissipels (Johannes 20)

Sewe dissipels (Johannes 21)

Die dissipels (Matteus 28)

Al die dissipels op die Olyfberg (Lukas 24 en Handelinge 1)

Die eerste preke van die dissipels soos ons dit in Handelinge kry getuig reeds van die Opstanding. Dit is nie net vandag die mees sentrale deel van ons geloof nie. Dit was toe reeds die belangrikste deel.

Net om seker te maak:

Kan die opstanding bloot `n ***legende*** wees wat rondom Jesus geweef is? Teenstanders van die Kerk is gou om uit te wys dat die oudste Evangelie byna geen verwysings na `n opstanding het nie terwyl die laaste Evangelie, naamlik die van Johannes die meeste verwysings na die opstanding het. Is dit nie tekenend van legende vorming nie?

Ons moet in gedagte hou dat die Pauliniese Geloofsbelydenis ouer is as Markus. En die Geloofsbelydenis vertel baie duidelik van die Opstanding.

Wat van hallusinasies? Selfs dit is al as moontlikheid geopper vir die dissipels se “sien” van Jesus. Dat hulle van hartseer sulke hallusinasies van Jesus gesien het.

Sielkundiges verseker ons dadelik dat hallusinasies, individuele ervarings is. Daar is so iets soos `n groeps hallusinasie nie.

Die Opstanding is so belangrik. Sonder die Opstanding het ek geen troos om te bied by `n sterfbed nie.

Met wat ek alles weet hou ek met my hele wese vas aan die feit dat Jesus dood was, begrawe is en opgestaan het uit die dood, Fisiek opgestaan het uit die dood!.

Omstandigheidgetuienis vir die opstanding.

My laaste getuienis, Geagte Jurie, gaan oor die omstandigheidsgetuienis rondom Jesus se opstanding uit die dood.

Bewysstuk : Die dissipels was bereid om te sterf vir die belydenis dat jesus uit die dood opgestaan het. Jy is net bereid om te sterf as jy eenhonderd persent seker is van wat jy glo. Ons lees reeds in die Bybel van die eerste martelaar vir Jesus – Stefanus. Sy getuienis? Ek haal aan: “Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan”

Die opgestane Jesus aan die regterhand van God!

Bewysstuk 2: Voor die opstanding het Jesus se broers nie in Hom geglo nie. Eers daarna. Wat sou hulle laat draai het? Beslis nie iets kleins nie. Iets soos die Opstanding dalk? Hy was later die leier van die gemeente in Jerusalem.

Ook Saulus die Fariseër het gedraai. Nadat hy die opgestane Jesus ontmoet het.

**Bewysstuk 3** Die Jode is die oudste volk op aarde vandag. Hulle is deur die eeue deur baie volkere verower en in ballingskap weggevoer. Die Babiloniërs, Assiriërs, Perse, Grieke en Romeine. Tog bestaan nie een van daardie volkere meer nie, maar die Joodse volk wel. Hoekom?

Want die Jode het onskatbare waarde geheg aan hulle kultuur en volkstradisies. Daarom het hulle nie soos die ander volkere ondertrou en verdwyn nie.

Tog, vyf weke nadat Jesus gekruisig is, was byna 10 000 Jode bereid om van hulle Joodwees afstand te doen ter wille van Jesus van Nasaret,. Wat het hulle oortuig?

Die opstanding.

**Bewysstuk 4** Hulle het diereoffers laat staan; die Joodse reinheidwette is laat staan, die onderhouding van die Sabbat is laat staan in ruil vir samekomste op die eerste dag van die week. Hulle het Seun en Heilige Gees by die Skeppergod geplaas en die Drie Enige God aanbid. Hulle het die Joodse Messiasverwagting van `n politieke Messias laat vaar vir `n Verlossermessias.

**Bewysstuk 5** Die instelling van die sakramente in die vroeë Kerk. Die Kerk het nie Jesus se dade en woorde gevier nie, maar sy sterwe! Neem John F Kennedy as voorbeeld. Mense praat vandag nog oor sy hantering van die destydse Kubaanse Krisis en sy uitdaging aan NASA om voor die einde van die 60’er jare `n man op die maan te plaas. Dit word dalk nog gevier, maar Lee Harvey Oswald se sluipmoord op

hom? Nooit! Tog vier die Kerk Jesus se kruisdood. Hoekom? Want na die kruisdood het Jesus weer gelewe! Die Opstanding het plaasgevind.

**Bewysstuk 6.** Die ontstaan van die Kerk self. Wat het gemaak dat `n klompie ongeletterde, magtelose mense die Romeinse Ryk kon trotseer en oorleef? Net een saak kon dit bewerkstellig. `n Magtige oorwinning, soos die beloofde oorwinning oor die dood!

**Bewysstuk 7.** Ek en jy en die duisende, nee miljoene mense wat deur die eeue heen deur die Boodskap aangegryp en na eie getuienis verander het. Dat die Kerk, ondanks sy mense, stand hou, selfs vandag. Wat maak dat ons glo? Een saak staan voorop – die belofte van die Ewige Lewe – gegrond op Jesus se oorwinning oor die dood.

Slotbetoog

Geagte Jurie

Ek gee vandag vir u my slotbetoog voordat ek vir u geleentheid gaan gee om die feite voor u deeglik te oorweeg en dan `n beslissing te fel oor die vraag of ons geloofsstandpunte waar is en of u die wêreld gaan glo soos wat die Jesus Seminar, die Nuwe Hervorming en ander liberale teologiese standpunte aan ons opdis.

Aanklag 1

**Die Evangelies se weergawe van gebeure kan nie geglo word nie.**

Ek en die Gees het bewys dat die vier Evangelies baie goed hul man staan teen elke ondersoek wat daaroor gedoen is. Die verhale van wat Jesus gedoen en gesê het is deeglik nagevors en aan ons oorgelewer. Die Evangelies is ook goed deur die eeue bewaar en vandag, 2000 jaar later is hulle nog net so eg as wat hulle destyds was.

**Aanklag 2. Die Nuwe Testament se verhale word nie deur Buite Bybelse, Argeologiese en Historiese verwysings bevestig nie.**

Ons het aan u getoon dat daar genoegsame buite Bybelse verwysings na Jesus is wat die Evangelies se Beeld van Jesus bevestig. Ook die argeologie ondersteun dit wat die Evangelies aan ons verkondig.

**Aanklag 3. Jesus se aanspraak dat Hy die Seun van God is en dat Hy en Hy alleen die Messias is, is vals.**

Die Jesus van die geskiedenis en die Jesus van ons geloof is dieselfde Persoon. Hy is die Seun van God. Jesus self was deeglik bewus van die feit dat Hy die enigste Seun van God is. Daar is heelwat bewyse aan u voorgelê dat daar niks snaaks is in jesus se aanspraak dat Hy die enigste Seun van God is nie. Hy voldoen aan al die vereistes om self God te mag wees. Net Jesus van Nasaret voldoen aan die vereistes van die Ou Testamentiese profete vir die Messias.

Aanklag 4. **Die opstanding: Daar is geen Mediese getuienis om die Opstanding te ondersteun nie.**

Ons het mediese getuienis tot in hul grusame werklikheid aan u voorgehou om te bewys dat Jesus wel aan die kruis gesterf het. Enige bewerings dat Jesus slegs `n skyndood gehad het is as vals bewys. Ook alle voorstelle dat Hy voor sy dood van die kruis afgehaal is.

Die leë graf is `n werklikheid. Net so werklik as wat die kruis leeg is, so is die graf ook leeg. Ons het aan u bewys dat Jesus fisiek uit die dood uit opgestaan het.

Aanklag 5. Die opstanding: Die getuienis aangaande die verskynings van Jesus is vals.

Ons het laastens ook deeglik bewys dat Jesus deur verskeie betroubare getuies lewendig gesien is na die opstanding. Omstandigheidsgetuienis het aan u getoon dat die Opstanding `n werklikheid is in Jesus se geval en dat dit daarom ook in my en jou se geval `n werklikheid is.

Geagte Jurie

Ek glo die vrae oor geloof in Jesus soos wat dit deur valse teoloë aan u gevra is, is beantwoord. Die bewyse uit die geskiedenis het u geantwoord. Daar is veel meer rede om in Jesus te glo as wat daar bewyse bestaan dat ons nie in Hom kan glo nie. Die bal is in die hande van die Jesus Seminar en die Nuwe Hervorming en liberale teoloë om te bewys dat hulle die antwoorde het.

CS Lewis, die briljante en skeptiese professor aan die Cambridge Universiteit in Engeland het sake so gestel:

*"I am trying here to prevent anyone saying the really foolish thing that people often say about Him: 'i'm ready to accept Jesus as a greta moral teacher, but I do not accept His claim tob e God'. That is the one thing we must not say. A man who was merely a man and said the sort of things Jesus said would not be a great moral teacher. He would einther be a lunatic ... or else he would be the Devil from hell. You must make up your choice. Either this man was, and is, the Son of God: or else a madman or something worse. You can shut Him up for a fool, you can spit at Him and kill Him as a demon; or you can fall at His fee tand call Him Lord and God. But let u snot come with any patronizing nonsense about His being a great human teacher. He ha snot left that open tou s. He did not intend to"*

Die feite is deeglik aan u gestel.

Die antwoord wat die beste pas by al die vrae is aan u gegee.

U moet nou die uitspraak gee.

Ek dank u.